

HOOFSTUK XIV.

BIJBELVERTALING EN BIJBEL'ERKLARING.

Ds. Du Toit verdien ook die ere naam: "man van één boek." Al sijn beskikbare tyd het hij gegee om die Bijbel te vertaal en te verklaar. Hij het dan ook soos weinige in Suid-Afrika sijn Bijbel *geken*. Ons gee nou eers 'n oorsig van sijn werk in verband met die

BIJBELVERTALING.

Soos ons gesien het, het Mnr. Pannevis reeds in 1872 'n stuk in die "Z.-Afrikaan" geskrywe, waarin hij aandrang op 'n "Bijbel in het Afrikaans." Daarbij het hij dit nie gelaat nie. Einde van 1874 het hij hom gewend tot die B. en B. Bijbelgenootskap, met die versoek dat hul die uitgawe moes onderneem. Meteen meld hij, dat Prof. Hofmeyr ten gunste van 'n Bijbel in "Kaaps-Hollands" is en dat hij (mnr. P.) Ds. Du Toit als die geskikte vertaler beskou.

Eiënaardig dat mnr. Pannevis in dié brief als molikheid aanneem, dat Engels na verloop van tyd die algemene taal van ons land sal wees! Maar vir die teënwoordige is die Engelse Bijbel van g'n nut vir die grootste gedeelte van die bevolking: tegelykertyd moet egter, vir duisende en duisende onder die Hollands-sprekende bevolking, die Hollandse Bijbel beskou word as 'n geslote boek... Dit is ongetwyfeld een van die redes van die snelle agteruitgang van die koloniste, veral van die gekleurde bevolking. 'n Vreselike vooruitsig lê voor ons! Die Bijbel alleen kan ons help!*

Hierdie brief was die aanleiding, dat 'n nader ondersoek in die saak werd ingestel deur Ds. Morgan, sekretaris van die Suid-Afrikaanse Tak van die Bijbelgenootskap. In 'n privaat gesprek het Ds. Du Toit hom gesê, dat hij met enige voorstanders van 'n Afrikaanse Bijbel bekend is en dat hij hul aangaande die saak sou raadpleeg, als hij eers die punte op skrif

* Enige biesonderhede ontleen ons aan die twee werkies van Ds. Du Toit: "Gesk. van die Afr. Taalbeweging," en "Die Bijbel in Afrikaans (Drie Proewe)."

het, waaromtrent die Bijbelgenootskap inligting verlang.

Op 14 Augustus, 1875 kom hul toen bijmekaar. Dit was die *ware aanleiding* tot oprigting van die Genootskap van Regte Afrikaners. Eenparig was die gevoele, dat mnr. Pannevis bietjie oorhaastig gehandel het. Intussen kom hul op teën die uitdrukking van "brabbeltaal," waarmee die Afrikaanse tongval deur die B. en B. Genootskap was aangedui.

Daarbij het dit geblij. Intussen werd die fondament vir latere werksaamheid geleg: die "Patriot" het meer en meer die Afrikaners oortuig, dat hul 'n eie taal het.

Op 'n jaarvergadering van die Genootskap van Regte Afrikaners (24 Aug. 1878) het die saak weer ernstig voor die aandag gekom. Ds. Du Toit skrywe aan mnr. Hoogenhout onder datum 7 Augustus aldus:

„En dan zal op onze volgende jaarlikse vergadering de grote vraag voorgelegd worden: *De Bijbel in het Afrikaans, of niet!* Daarmee zal het Genootskap herleven of naar het graf gaan. De toekomst onzer gehele beweging hangt grotendeels daarvan af. Ik hoop de leden zullen allen tegenwoordig zijn, door het gebed voorbereid. Hoewel ik van het Genootskap niet veel heil verwacht, dat zonder gewetensbezwaar een schuld van honderden ponden op de schouders van een paar leden geworpen heeft. Maar het Genootskap *bestaat nog*, en moet als zodanig gekend worden. En de Heere *leeft nog* die zolang geholpen heeft, en verder helpen zal.”

Mnr. Hoogenhout, wat nie op die vergadering teënwoordig kon wees nie, skrywe aan die broeders, dat die taak groot en gewigtig is. Hij is daar ewewel voor. Maar mog die lede besluit, dat dit nie die tijd is nie, dan versoek hij hul goed te ondersoek of dit g'n hindernis van Satan is nie; "hij tog weet goed hoeveel afbreuk an sijn rijk sal gedaan worde deur an ons bevolking *Gods Woord* in hulle *eige* taal in hande te gewe... Die onverstaanbaarheid van ons Statebijbel in Hoog Hollands ver 'n groot gedeelte van Afrikaanders het mij meer dan eens met droefheid vervul." Hij wijs verder op die duisende kleurlinge, wat nie die Bijbel kan verstaan nie.

Die vergadering besluit toen "in beginsel, dat dit tijd is om die Bijbel in Afrikaans te vertaal." Let wel, *in beginsel*, en ook nie om *uit te gee* nie, maar om te vertaal. Die besluit werd waarlik nie oorhaastig gencem nie, en werd bowendien nog versigtig uitgedruk.

Die besware werd toen opgebrag en weerleg n.l.:
 "1) dat die taal nog nie ryp genoeg daarvoor is nie;
 2) dat ons nog daarsonder kan klaar kom, omdat die kinderbijbel en predikante aan die behoefte voldoen, en die weg om salig te worde duidelik genoeg is, en
 3) dat ons die geldelike middels nie het nie, omdat die tekort nog op ons druk."

Wat die uitvoering van die vertaling aangaat, werd o.m. beslote om naar die "Bron en Oorsprong terug te gaan". Die "Patriot" van 6 Sept., 1878, wat 'n lang artikel oor die saak het, sê daarvan: "Die Afrikaanse vertaling moet nie uit *Hollans* maar uit *Grieks* en *Hebreeuws* gemaak worde. Nou dis seker 'n goeie besluit, want die Apostels het nie in Hollands maar in Grieks geskrywe. En als jij wil weet wat 'n man eienlik meen, dan moet jij hom in sijn eie taal hoor. Maak jij 'n vertaling van 'n vertaling, dan gaat jij al verder van die oorsprong, en eers is dit melk en water, maar naderhand is dit water en melk."

SES JAAR STILTE.

Na hierdie roering was daar weer 6 jaar stilte. Ds. L. J. du Plessis van Rustenburg het wel dadelik teën die besluit geskrywe; andere weer het hul ten gunste daarvan uitgesproke en ook geldelike ondersteuning toegeseg. Maar dit was dan ook al. Eers in 1884 het die voormanne weer tot besef van hul roeping ontwaak. Hul het gaan voel, dat die *hoofdoel* van die Genootskap uit die oog verloor werd. Vroeëre bjsake, soos "Patriot", "Afrikaner Bond" e.a. was nou hoofsaak geword.

Vandaar dat,—net soos tien jaar gelede,—weer 12 manne bijnemekaar kom om die saak opnuw aan te pak. Aan die end van die vergaderings aan die Paarl gehou op 14 en 26 Jan. en 23 Febr., besluit hul: 1) om dadelik te begin met voorbereidende stappe, 2) om 'n werkende komitee te kies vir die saak en 3) om deur die komitee 'n Ope Brief onder belangstellende te versprei.

In die Ope Brief werd uitvoerig plan en redene van vertaling uiteengesit. Onder die plan werd als middels om die saak te bekostig genoem: aandeel van £5 elk en verder vrijwillige bijdrae. Als redene werd o.m. opgegee: 1) Gods Woord is 'n *volksboek*; 2) dit was oorspronkelyk grotendeels in die *gewone volkstaal* geskrywe; 3) Gods volk is mees onder die eenvoudige en minder bedeelde; 4) die Evangelie moet in *alle* tale verkondig word; 5) die H. Gees het op

Pinkster die *geboortetale* van die mense gebruik, wat teënwoordig was; 6) elke volk, wat die Bijbel in sijn taal gekrij het, werd daardeur geestelik opgewek en sedelik veredeld; 7) duisende bruin-mense in ons land verstaan g'n ander taal dan Afrikaans nie, ens.

Dis maar 7 van die 15 punte, maar ons sien daaruit, dat die manne 'n wapenhuis had, wat goed gevuld was. Dis die argumente, wat nog vandaag gebruik word.

Na publikasie van die Ope Brief werd van tijd tot tijd verslag gedaan van die toegesegde ondersteuning. Alles te same was daar in bijdrae ontvang £57 15 6; verder toesegginge en andele tot 'n bedrag van £669 2. Een persoon was selfs bereid £1000 voor te skiet om die saak te bevorder. .

VERDERE VOORTGANG.

11 Sept. 1885 het die Genootskap weer vergadering gehou. Aan Ds. Du Toit, toen nog Supt. van Onderwijs in Transvaal, werd die vertaling opgedra, met toesegging van 'n hulp als dit nodig is, terwyl sijn vertaling deur 'n kommissie en deur die professore van Stellenbosch moes nagesien word. Die Genootskap verklaar sig ten gunste van Paarl of Daljosaphat als die plek waar die vertaling moes gemaak word. Die volgende punte moes Ds. Du Toit volgens besluit in aanmerking neem.

1.—Wat di tekskritiek betref, geheel, en wat vertaling uit di O. Tale angaat, hoofsakelik di nuwe Engelse vertaling te volg.

2.—Origens wat vertaling uit Engels angaat, soveul molik onse State-vertaling te volg.

3.—Tog by vertaling deurgaans di oorspronklike talé te raadpleeg, en soveul molik an di oorspronklike segswyse (uitdrukkings, *idiomata*) te hou.

4.—Noukeurig ag te gé om diselfde woorde deurgaans in Afrikaans te hou vir di oorspronklike woorde waarvoor dit eenmaal gebruik is.

5.—Di Eie'naam van di Heere, Jehova of Jahvê, deurgaans as sodanig onvertaald te behou.

6.—Wat verdeling in hoofstukke en verse angaat, di gebruik van di Engelse vertaling te volg, mar in di teks met 'n lange rus of ander duidelike teken an te toon waar di verdeling tussen di verse val.

7.—In 'n uitvoerige voorrede, van 1 tot 2 velle druks, duidelik di wenselikheid en eienaardigheid van di Afr. vertaling an te toon.

8.—Wat spelling angaat, di angenome re'el te volg: "Skryf soos jy praat"; mar met di vollende uitsonderings:—

a). *U* in plaas van *Jy* en *Jou*, en *Hem* in plaas van *Hom*, waar van di Heere gesproke word;

b). *Soon* in plaas van *Seun*, waar van di Heere Jezus as Soon van God sprake is.

9.—Dit is an di benoemde vertalers gelaat om di hulp en samewerking van andere persone te vraag in di vertaling, mar dan moet hulle dit weer o'ergaan, sodat hulle dit vir eie rekening neem.

10.—Bo an di bladsye kom di korte inhoud, en so oek an di hoof van elke paragraaf.

11.—Di vertalers het vryheid om kanttekens te maak, wat di vertaling angaat, waarby hulle di kanttekens van di Engelse vertalers na verkising kan gebruik.

12.—Di betekenis van di vernaamste ei'ename in di kanttekens an te gé."

Ds. Du Toit, wat op die vergadering nie gewees het niè, kon *toen* egter g'n gevolg aan die versoek gee nie, om redene wat straks vermeld sal word.

TEENSTAND.

Die publikasies van die Genootskap aangaande Bijbelvertaling het intussen hier en daar tamelik skerpe kritiek uitgelok. Om die teënstand te kenskets gee ons eers 'n stuk van 'n theologiese student uit Stellenbosch. Wat is die wereld tog verander !

Nouvel, hier is die bewuste stuk :—

"Vrienden, gij die er voor zijt dat Gods Woord in het Afrikaans vertaald zal worden, hebt gij ooit al recht ernstig er over nagedacht? Zijt gij al gaan stil zitten en hebt gij de zaak *diep* en *innerlik* overdacht? Weet gij waartoe gij uw gaven, *van God ontvangen*, bijdraagt? Waarlik, indien het u ernst is in deze zaak, dan kunt gij niet, na *uurig* gebed tot God om raad en wijsheid, voor zulk een zaak uw gaven uitreiken. Laat ons de zaak wat nader beschouwen. *Slechts enige korte ophelderingen kunnen gegeven worden daar ons bestek niet toelaat dat wij in veel bijzonderheden zullen treden.* Zo Gods Woord in het Afrikaans vertaald wordt zal ontgetwijfeld, i. zijn Heilige Naam, met *minachting*, ja *ijdelik* gebruikt worden. Immers hoe kunt gij Davids God aanroepen waar hij zegt: "Gij zijt de God mijner sterkte. Zend uw licht en uw waarheid neder," enz. (om maar één voorbeeld uit de vele duizenden te noemen) anders dan met *vernedering* en *minachting*, namelijk: *Jij is—zend jou*, enz. Psalm 43: 2, 3. Is het niet verschrikkelijk? Ik denk gij voelt het. Oordeelt voor uzelf. Zal iemand, een onderdaan b. v., de moed hebben zo te gaan en zijn koning met *zij* en *jou* toespreken? Men deinst terug en zegt: neen, dat is immers vermetelheid. En hoe durft gij het doen, de naam van God, de Koning der Koningen en Heer der Heeren, op gelijke voet met de uwe te stellen. Ja wat meer zegt, zelfs met die van de *dronkaard* en de *vuile* dezer wereld? Hebt gij dan minder ontzag voor God dan voor de medemens of zelfs voor de *dronkaard*? Raakt gij alzo de hoge eer des Vaders aan om die te vertrappen (want daartoe komt het letterlik); denkt gij dan dat *die des Zoons* en

des Heiligen Geestes hiervan bevrijd zullen blijven. Gans niet immers *deze drie zijn één*. 2. Verder volgt hieruit heel natuurlik dat *het Woord van God in minachting en verachting moet geraken*, want wordt de naam van God ijdelik gebruik en alzo veracht, waaruit toch de ganse Heilige Schrift bestaat, hoe kan het dan anders, het volgt van zelf, of de Schrift moet veracht worden en dus in minachting geraken. Menige ongelovige en onverschillige, die nu reeds koud en onverschillig is tegenover Gods Woord, zal alsdan openlik er meê de spot drijven en zijn Schep- per alzo in het aangezicht slaan, en wie ja wie zullen er voor rekenschap moeten geven? Ik bid u denk een weinig na en antwoord zelf. 3. Het gevolg zal zijn *dat het Heilige Gods met onreine handen en bezoedelde lippen aangeraakt zal worden*. Hoe kan het anders, als de twee bovenstaande nummers waar zijn; of is Gods naam alsdan slechts een historiese, en zijn Woord niets anders dan 'n *profane geschiedenis* uit de oude tijd, met andere woorden; Gods Woord is niets meer dan een *Roman*. Hoort, God zegt hij laat zich niet bespotten. Past dus op wat gij doet, en wees voorzichtig." (P. 9 Okt. '85.)

Komiek is seker—als die saak nie so ernstig was nie—die taal en aanmerkings van die "Tarka Heraut." Dis uit dieselfde tijd. Ons gee dit letterlik met die aantekeninge van die "Patriot" daarby :—

"Uit de *Patriot* vernemen wy dat er al reeds velen zyn die ingeteekend hebben om de Bybel te vertalen in de zoogenoemde patriotsche taal. Van alle de onbezonnen voorstellen die wy aan de Afrikaansche Bond te danken hebben is dit nog de ergste. Indien het niet maar een kunstgreep van de *Patriots* Kantoor is om de drukwerk dezer vertaling in handen te krygen kunnen wy ons niet verbeelden waar zoo een gekken voornemen haar oorsprong kon gehad hebben. Het Hollandsche vertaling van de Bybel is een der schoonste die bestaat en hoe er menschen kan zyn die deze op zyde wil zetten voor eene vertaling in de verspottelyke patriotsch kunnen wy niet verzinnen. De patriotten maken groote rumoer over het gebruiken van het Hollandsche taal in het parlement, in de Kerk en op Scholen, en hebben een belachlyk vrees voor het overal innemende Engelsch. Maar inderdaad zy kunnen het leesen en gebruiken van het Engelsche taal niet beter bevorderen dan door het spreken en schryven in het walglyk patriotsche taal van *gy, jou* en *hom*, en zy zullen voorwaar de kroon op hun ellendig werk geplaatst hebben wanneer zy ons geëerbiedigde Hollandsche Bybel verlaagd hebben door het over te zetten in het verachtelyke patriotsche taal."

Die "Patriot" teken dan hierop aan :—

"Uit syn "verspottelik" Hollans kan di lesers genoegsaam sien watter 'n bevoegde (?) beoordeelaar di *Heraut* in di saak is. Ons ag dit dan oek ni nodig om daar iets op te sê ni. Slegs 'n paar feite wens ons teëno'er syn lage insinuasie te stel :

I. Di *Patriot* het syn ontstaan te dank an di idé van 'n vertaling van di Bybel in di volkstaal, ni omgekeerd ni. Lank

voor daar 'n *Patriot* was, en nog langer voor dat daar an 'n *Patriot*-kantoor gédag is, werd reeds met di Brits en Buiteilandse Bybelgenootskap o'er di saak gekorrespondeerd.

"2. Toen di Uitvoerende Kommissi later meen dat genoegsame ondersteuning toegeseg word om met di vertaling 'n anvang te maak, werd dadelik di Brits en Buitelandse Bybelgenootskap en di Nederlandse Bybelkompeni om tenders gevraag vir di druk- en bindwerk. Miskien was dit 'n fout dat di Kommissi ni oek di *Tarka Herald* om 'n tender gevraag het ni. Wil ons tydgenoot egter 'n tender instuur, dan sal ons dit voor di Kommissi breng.

"Dit is ons ten slotte regte aangenaam dat di Bybelvertaling op sulke gronde (?) teengestaan word omdat dit 1) di swakheid, en 2) di gees van teenstand openbaar maak." (P. 6 Nov. '85)

'N ANDER KOERS ?

Uit 'n private brief van Oom Loko aan Ds. Du Toit blijk, dat die Werkende Kommissie vir die vertaling in Mei, 1886 weer 'n vergadering aan die Paarl gehou het. Prof. (toen Ds.) J. Lion Cachet was daarbij teënwoordig. Hul het toen tot die gevolgtrekking gekom, dat dit beter is om nie terug te gaan naar die oorspronklike teks nie, maar om die Statevertaling te volg. Omdat die punte nog soveel aktuele betekenis het, gee ons hier 'n stuk uit die brief. Oom Loko skryf :—

"Omtrent di vertaling meen di Kommissie dat mar di Statevertaling moet gevolg worde, selfs vir di proef. Omtrent taalkundige kanttekens, andere lesings ens., was dit 'n ope vraag of dit ni beter was om mar net di Statevertaling te vertaal en te gé ni. Is di antekenings en randskrif ni net berekend om vertrouwe in di sekerheid van di teks te skok ni? Is di ander lesings so posetief seker? *Kan* in menig geval 'n ouwer handskrif ni verder af wees van di oorspronklike as 'n nuwere ni? Di vraag is vir mij, kan ons *posetief* seker wees dat di later ontdekte ouwere handskrifte werkelijk suiwerder lesings gee? Dan kom di vraag: Is in ons Statevertaling tekste in strijd met di deurgaande leer en gees van di Skrif, wat sile in gevaar breng? Ons moet rekening hou met di bestaande vooroordeel, wat ni gemaklik te o'erwin is ni. Lat ek jou kort 'n staaltji gé van eie ondervinding. Sekere Erasmus had bij ons 'n Bijbel gekog, uitgegé deur di Ned. B. Kompagnie; daarin kom soos jij weet *woordveranderinge* voor. Di ou heer het dit met sijn State Bijbel vergelyk en daar fout mé gevonde. Hij skryf mij toen daaro'er. Ek het hom so goed ek kan geantwoórd. Daarna ontmoet ons toen

makaar op Richmond en kom same in een kar terug na Victoria West. Hij begin toen daaro'er te praat. Hij had beswaar dat *Efeziërs* inplaats van *Efezen*, staat. Ek het hom di verskil duidelik gemaak. Hij had beswaar dat *wijnruit* inplaas van dille of komijn (ek is nou ni seker watter ni) gesteld is. Ek het hom gevraag wat dille of komijn dan is? en geseg dat di name van diere, voëls en plante onseker is. Kortom ek het hom geseg as hulle 'n valse Bijbel wil uitgé dan sal hulle juis oppas vir sulke veranderings wat in di oogvallend is en tog an di gees van die Bijbel niks verander ni. Hulle sal dan juis perbeer om di gees te verander, soos "al de van God ingegeven Schrift" inplaas van "al de Schrift is van God ingegeven." Wel hij was, nadat ons seker meer as 'n paar uur besig was, blykbaar o'ertuig en tevrede. Maar wat gebeur? 'n Paar maande later bring hij ons di Bijbel persent terug, hij wil so'n Bijbel ni in sijn huis hê en van sijn kinders lat lees ni. Nou, hij is een van ons vertroudeste vrinde en ek meen met vrijmoedigheid te kan sê dat hij vertrouwe in ons het, en lank ni een van ons mins ontwikkelde ondersteuners is ni... Ek vrees dat ons in ons ijerw vir di suiwerheid van Gods Woord tog meer kwaad as goed daarmé sal doen. Di eintlike toetsteen sal di Statebijbel wees. Veroordeel di ons dan is di onderneming 'n sekere mislukking"*... Tot sover Oom Loko.

Inderdaad is die punt hier aangeroe nou nog van die grootste betekenis.

VOOR DIE SYNODE.

Die Afrikaanse Bijbelvertaling was, net soos die "Patriot" voor die Kaapse Synode. In 1886 het Ds. De Beer die punt op die agenda gebreng en 'n kommissie het bij die behandeling aanbeveel, "dat zulke vertaling noch wenselik noch noodzakelik is."

Ons gee eers die verslag van "Presbyter", wat bij die diskussie teënwoordig was :—

"Nadat Ds. de Beer sijn blijdschap had te kennen gegeven over die aanbeveling van de kommissie, wilde de Moderator de zaak maar zo cito cito tot stemming brengen, toen Ds. F. S. du Toit opstond en in een verdediging trad van de Bijbelvertaling in het Afrikaans.

* Besware van die aard werd later meermale geopper. So lees ons in die "Stemmen des Tijds" (1907 III bl. 8) 'n lang stuk van twee broeders, wat daarteen opkom dat Hand. 8: 37 nie in die teks geplaas is nie, maar in 'n noot.

“Zijn rede was olie op het vuur. Nu wilde elkeen spreken. De eerste twee sprekers na hem (ouderling Steyn en Ds. Jooste) ondersteunden hem op een krachtige wijze en gaven hem de verzekering dat hij in deze zaak niet alleen stond in de Synode. Zij hadden een voorstel: de vertaling wel aannemende. Nu volgden ouderling Gie van Kaapstad en ouderling Bam van Groenepunt, met bittere verontwaardiging vervuld over zulk een grove heiligschennis. Zo ook Dr. Kotzé. Op hem volgde Ds. Steytler sterk ten gunste van het Afrikaans, hoewel hij nog enigzins huiverig schijnt de vertaling in de *Patriotstaal* aan te bevelen. Hij wees er echter op, dat indien het volk niet Engels tot *volkstaal* neemt, dan moet Afrikaans zulks worden en de Bijbel er in vertaald worden. Verder wees hij op de eigenaardige geschiktheid van die taal voor zulk een doel, daar zij verstaan wordt van de Kaap tot aan de Zambesie.

“De uitslag der stemming was dat voor de vertaling in het Afrikaans stemden Ds. F. du Toit, Ds. Jooste en ouderlingen P van den Heever (Venterstad), Steyn (Kimberley) en Badenhorst (Hopetown), terwijl Di. Steytler en Maeder meestemden omdat zij onder Afrikaans verstaan de taal van de *Kinderbijbel*. Op die uitzonderingen na was de hele vergadering tegen die vertaling.” (P. 29 Okt. '86).

Dan moet ons nog gee die toespraak van Ds. F. S. du Toit, wat van die begin af 'n voorstander van die saak was :

“Ds. Du Toit (Nieuw Bethesda) zeide dat Hollands de taal van Holland en Kaaps de taal van Zuid Afrika was, en dat men hier in de Kolonie moest kiezen tussen Kaaps of Engels. Het Hollands tot taal van Zuid Afrika te maken, dat achtte hij onmogelik. Hij zag niet in waarom men het, met een overleden leraar, een ontheiliging van de kansel zou noemen om Afrikaans aldaar te laten spreken. De redakteur van de *Zuid Afrikaan* had zelf erkend dat de Afrikaanse taal grote schoonheden had. Het Afrikaanse volk kende geen Hollands en verstond de Hollandse Bijbel niet, en het was zeer nodig om een editie van de Bijbel in eenvoudiger taal te hebben, want zij die meenden Gods Woord in het Hollands te verstaan vergisten zich hierin. Als het Kaaps Hollands een taal was niet geschikt om het Woord Gods in te vertalen, dan kon men dit-zelfde evenzeer van Engels en Hollands enige eeuwen geleden zeggen. Het Brits en Buitenlands Bijbelgenootschap was gereed geweest om de Bijbel in het Kaaps Hollands te laten vertalen, maar dit was niet geschied omdat men het in Zuid Afrika ontraden had, en dit lag vooral aan Hollandse zendelingen alhier die aan hun eigen taal gehecht waren. Men zeide dat de predikanten tegen een Bijbel in het Kaaps Hollands waren omdat zij bang waren dat men hun verkeerde

uitleggingen zou doorgronden. Hij geloofde dat men geen recht had om Gods Woord te onthouden aan duizenden mensen die de Bijbel slechts in Kaaps Hollands konden lezen. Zielen leden hier schade bij, want die vrome lieden verstonden de Bijbel tans verkeerd. Vele brave mensen in de Kolonie zouden gaarne voor zulk een vertaling geld willen geven. In de Namakwataal was de Bijbel vertaald toen sommigen beweerden dat al de Namakwas dood zouden zijn eer de vertaling klaar was; en waarom zou men hem niet in het Afrikaans vertalen?" (*P.* 12 Nov. '86.)

DIE TRANSVAALSE GOUD.

Die brief van Oom Loko, bowe aangehaal, maak van vreselike slegte tije melding. Daar was g'n geld te wagte vir die onderneming nie. Vandaar dat Ds. Du Toit naar ander middels uitgesien het.

Van die punt het ons reeds elders melding gemaak, maar ons kom daar nou enigszins uitvoerig op terug, omdat in die hier-volgende mededelings van Ds. Du Toit enige nuwe gesigspunte geopen word. Veral die punt aangaande die gelofte is van belang. Ds. Du Toit, het daar nie van gerep in die aantekeninge nie, wat hij die skrijwer hiervan laat maak het.

Die aanhalings is uit sijn boekie: "Die Bijbel in Afrikaans":—

"Toen reeds in 1886 di Transvaalse Goudvelde opgang begin te maak sprak ek hier met enige vrinde en deel as myn gevoele mé: "dat onder 'n wys bestuur di Goudvelde deur di Voorsienigheid bereken lyk om Suid Afrika te verenig met 'n goue keten; mar daartoe was dit nodig dat Koloni, Vrystaat en Nátal oek inkom en deel neem in di Goudmyne, anders sou vreemdelinge ni alleen weggaan met di skatte van ons land ni, mar hulle sou oek naderhand Transvaal o'erstroom. As heel Suid Afrika egter verenig is in belange op di Goudvelde, dan was di grondslag vir di toekomstige Verenigde State van Suid Afrika geleg en ons was sterk genoeg teen di stroom van vreemdelinge."

"Di gedagte vind byval en ek spreek met 'n paar vertroude vrinde af om in di gees werksaam te wees. Ek sou intussen an di vrinde in di Koloni, by name an di Paarl, skrywe om daar 'n Syndikaat te vorm en een of twe persone af te stuur met wat kapitaal, terwyl 'n vertroude vrind hier sou sien 'n goeis eien-dom vir hulle te versoker voor di vreemdelinge met alles heen-gaat. Terwyl myn brief op weg was kryg ek reeds 'n brief van myn broer D. F. du Toit, dat sodanige Syndikaat gevorm was, dat hy afkom en dat ek intussen na iets moes uitsien...

“So is ek ongesog in di goudsake ingekom; ’en soos dit gaat, ongemerk verder daarin geraak. Sommige broeders en vrinde het my van verskillende kante gevraag of dit ni in stryd was met myn roeping ni. Myn antwoord was en is nog: di gedagte dat ’n predikant ’n aparte klas in di samenlewe is, wat met di gewone besigheid van di Maatskappy sig ni mag inlaat ni, is oudtestamenties en Rooms, want onder di Oue Testament en by di Roomse staan di priesters teeno’er di leke. Mar vollens di Nuwe Testament is alle gristene priesters en het di gristenleeraar in di Maatskappy gen ander standpunt as di gewone gristen ni. Daarom was onse Here Jesus ’n timmerman en Paulus ’n tentemaker. (Verg. Mat. 23: 8.)

“Tog was dit my ’n saak van ernstig selfondersoek om te weet waar ek moes eindig. En hier is nou di tyd en plaas om mé te deel wat myn innerlikste sielservaring was. Met di roeping van di Genootskap voor my het ek ’n gelofte vir God gedaan: *as di Here my segen binne ’n sekere tyd en tot ’n sekere bedrag, dat ek net genoegsaam daaruit myn huisgesin kon versorge, dan sou ek ver alle betrekkings bedank, en my wy an di Bybelvertaling.*

“Toen di tyd gekom was, hou ek rekenskap van myn rentmeesterskap en bevind dat di Here my net *dubbel soveel* gegé had as di bedrag deur my gestel. Daarop het ek toen bedank as Superintendent, en sedert was myn ernstige strewe om my te ontslaan van alle bande so gou as ek redelikerwyse, sonder an aangegane verbintenisse ontrou te wees, dit kon doen, ten einde my, vollens gelofte, an di Bybelvertaling te wy. Myn verlange was om dadelik uit alles uit te stap. Mar onder nadenk en selfondersoek en in beraad met vrinde en broeders is dit my geblyk, dat ek dan sou ontrou wees: sowel teeno’er myn *huisgesin* wat ek in di eerste plaas moet versorge as teeno’er *andere* wat in vertrouwe op my hulle geld in verskillende ondernemings waarin ek meging, gesteeke het. Want wat my ten deel geworde is, was byna uitsluitelik andele in Syndikate en Maatskappye, wat gedeeltelik of geheel hulle waarde kon verlies as sulke ondernemings ni tot ’n goeie einde gebring werd ni. Daarteen moes ek, sover my betref, waak oek in trou teeno’er *andere*. Myn ernstig strewe was egter sedert di tyd, om my an di een kant geleidelik los te maak van al di bande en nadat ek tyd en krag had an di ander kant ’n begin te maak met di werk, soos uit di Proewe, wat di leser hier kryg, blyk.”

Ds. Du Toit gee dan twee planne van Bijbelvertaling: 1) die Bijbel van vooraf letterlik vertaal, of 2) ’n bewerking in historiese samehang, soos die Handboek van Barth. Dit was in 1889. Toen werd dus met die lang besproke werk begonne.

Dan volg daar 26 blss., waarin die twee maniere van vertaling word voorgelê. Laat ons hier nog byvoeg, dat Ds. Du Toit volhard het bij die oorspronklike besluit van die Genootskap, n.l. om uit die grondteks te vertaal. Meteen het hij van die nuwe Engelse oorsetting vanself baing gebruik gemaak.

Sover was die saak in 1889 gevorder. In 1890 het Ds. Du Toit ewewel al sijn besittings verloor, het als 'n arm man naar die Paarl teruggekeer, sig daar weer verbind aan die drukkerij en het toen die vertaling, onder ander werk deur, weer aangevat.

MANIER VAN WERK.

Van die manier van werk gee Ds. Du Toit in *Genesis* die volgende beskriwing :—

“Alle Donderdag aande kom 'n kring van broeders by ma-kaar. Dit word geopen en gesluit met gebed. Daarna sit ons om 'n ronde tafel, elkeen met syn bybel. Eén of 2 het altyd di Bybel in di oorspronklike taal, di andere het elkeen 'n aparte vertaling, soos di Hollanse Statevertaling, di egte Engelse vertaling, di Luterse vertaling, di nuwe Hollanse en di nuwe Engelse vertaling, verder di vertalings van Van der Palm, Lange, ens.

“Van Génesis 21 vs. 22 af het ons in 'n boek al aande angeteken wi teenwoordig was en watter afdeling behandel is. Daarvandaan af het dit ons 18 aande geneem om Génesis klaar te maak. Ons getal was van 5 tot 17 per aand, daaronder 2 predikante, 1 sendeling, 3 onderwysers, 1 dokter, 1 Jood, ens.

“Di manier van werk ver *Genesis* was só: Ds. S. J. du Toit vertaal vooruit. As ons samekom dan lees hy voor letterlik ho dit in Hebreus staan. Waar belangrike of twyfelagtige woore de is, word dit opgeslaan en al di betekenis se sekuur nagegaan in di beste woordeboeke. Dan gé hy ons hoe hy dit in Afrikaans uitgedruk het. Di vertaling word dan noukeurig verge-lyk met di Hebreus en met di verskillende andere vertalings, en waar dit dan deur almal same, onder di leiding van di Heilige Gees, nodig bevind word, daar word veranderings gemaak, en besluit waar en hoe antekenings moet gemaak worde. Daarna werk Ds. S. J. du Toit dit dan weer o'er.

“Nou is ons besig met Matteus en op enigsins 'n andere manier. Om ni teveul invloed op di andere broeders uit te oefen ni, maak Ds. du Toit nou ni meer vooruit 'n geskrywe vertaling ni. Ons vergelyk eenvoudig di oorspronklike teks met al di beste vertalings, oek wel met raadpleging van woordeboeke en verklarings waar dit nodig is. Ons perbeer eers goed om di mening van di Heilige Gees te verstaan en dan besluit ons hoe om dit di beste in *ons* taal uit te druk. Ds. du Toit neem dan daarby antekeninge en werk dit dan daarna uit.

“Ons gé di manier van bewerking so noukeurig op, dat ons broeders buiteaf kan siin, dat ons ni ligvêrdig te werk gaan ni. Ons is altyd bly as hiir vrinde van onder kom en hulle kan en wil dit bywoon. Verskeie het dit al bygewoon en di was altyd reg verblyd en dankbaar daarvoor, en het onse liwe Vader in di hemele di ere en lof gegé ver wat hulle gesiin en gehoor het. Ons hoop dat sulke en andere broeders ni sal vergeet om te bidde ver ons, en veral in di werk ni. Laat hulle veral Donderdag aande ver ons same met di werk an di Here opdra.

DIE VERTAALDE BOEKE.

Vrug van die arbeid is, dat sewe Bijbelboeke vertaal werd. Als ons oog so op die afgedane werk rus, dan kom oor ons 'n gevoel van weemoed, maar ook van dank.

Ds. Du Toit het, onder gewijsigde en beswarende omstandighede, sijn gelofte gehou. Te midde van oorstelpende werksaamhede het hij oomblikkies uitgewoeker, waarin hij, met taaie volharding, gewerk het aan sijn lievelingstaak. Die skrywer hiervan het dikwels sijn vader bij die werk gadesgeslaan en homself die vraag gedaan: waar krij tog Ds. Du Toit die moed en lus vandaan om aan te hou?

Dankbaar is ons vir die werk, want daardeur werd een van die fondamentstene van ons volksgebouw neergeleg. Ons moet net voortgaan.

Hier volg nou 'n korte opsomming en beskrywing van die vertaalde en uitgegewe stukke.

Genesis (1893) is 'n boek van 136 bls. Aan die teks-kant staan taalkundige- en tussenen verklarende aantekeninge. Sommige van die laaste het tot bladsije uitgedij, soos bijv. die aantekening op die woord "eeuwig."

Mattéus (1895) is 'n boek van 119 bls. Sommige aantekeninge is biesonder uitvoerig, soos die op die woord "demone", die bij Mat. 16 en veral (soos van Ds. Du Toit te wagte was) die bij Mat. 24, die profetiese rede van Jesus. Ook die lijdensgeskiedenis word goed verklaar.

Openbaring (1898) is 'n boekie geword van 88 bls. Inderdaad gee Ds. Du Toit hier 'n korte verklaring van die gansse boek. Die wat met sijn profesiebeskouwing wil kennis maak, moet eers hierdie boekie lees, voordat hul begin met die groter werk, waaroor ons later sal spreek.

Psalme (1907) is 'n kort-dik boekie van 293 bls. Die verklaring volg telkens na elke Psalm en is tadelik uitvoerig. Feitelik gee Ds. Du Toit hier 'n kommentaar op die hele boek.

Hooglied werd opgenome in die "Stemmen des Tijds" van 1905. Van hierdie Bijbelboek had Ds. Du Toit hierdie opvatting. Hij sê in die inleiding: "Di regte verklaring fan Hooglied is ongetwyfel nog ni geskrijwe ni... Di sinnebeeldige sowel as di letterlike ferklaring foldoen ons ni volkome ni, en ons meen dat 'n *sinnebeeldig-profetiese* ferklaring alleen di ware sin en betekenis van die Hooglied sowel as fan di Openbaring ten folle in di lig kan stel. M.a.w. : di

Hooglied stel ons di liefdesgemeenskap tussen di hemelse Salomo (Gristus) en sijn Bruidgemeente ni soseer foor in sijn ganse geskiedenis en ontwikkelingsgang ni as wel in sijn ijd-ontwikkeling en foltooing in di "Bruilof des Lams." "

Bij die sinnebeeldige verklaring volg Ds. Du Toit vir Hengstenberg, maar telkens gee hij ook sijn opvatting. Jammer dat die aantekeninge nie uitvoeriger is nie.

Handelinge. Die vertaling hiervan is afgedruk in die "Stemmen des Tijds" van 1908. In die inleiding word o.m. gesé: "In ons fertaling volg ons di oudste handskrifte, wat nog ni bekend was toen ons algemeen aangenome teks fargestel is, waarnaar ons Statefertaling gemaak is." Verklarende aantekeninge volg ook hier die teks op die voet.

Markus. Hierdie Evangelie is die laaste wat in druk verskijn het en wel in die "Stemmen des Tijds" van 1908. Belangrijk is wat die voorrede aankondig: "Met di fertaal en uitgé fan Markus Efangeli begin ons nou di boeke fan di Nuwe Testament in geregelde folgorde te neem. Ons het eers enige fan die firmaamste Bijbelboeke bewerk en uitgegé, as wegberijding fer 'n latere uitgaaf fan di hele N. T. en later oek fan di O. T.... Nou hoop ons verder gereëld boek fer boek te neem tot di N. T. klaar is... Elke Sondag aand wij ons an di Bijbelvertaling en begin ons met 'n gebed: dat di Here ons deur sijn Gees mag gelij en bestuur in di fertaling en tegelijk oek di hart fan ons folk mog voorberij en nijg om sijn Woord in ons taal met freugde en dankbaarhijd te ontvang. En ons versoek almal wat belang stel in di werk met ons same te stem in di bede, feral Sondags aande as ons daarme besig is."

Die voorneme van Ds. Du Toit, om tot 'n gereëld uitgawe van Bijbelboeke te kom, is nie werkelikheid geword nie. Eindelik is nog oorgeset 'n deel van die Lukas-Evangelie, wat nog in handskrif aanwesig is.

BIJBELVERKLARING.

Ons glo nie dat daar in Suid-Afrika 'n godgeleerde of predikant is, wat soveel als Ds. Du Toit gedaan het om die Bijbel nie alleen vir sijn volk te *vertaal* nie maar ook te *verklaar*.

In ruime sin genome was Ds. Du Toit se preke (veral die latere) stukke Skrifverklaring. Ons hoef hier net in herinnering te bring die preekreeks: "Bouwen voor de Eeuwigheid," "De Ark in Balling-

schap", e.a., en ook die preke oor die Predestinasie, oor die Bedeling van die H. Gees en soveel meer. Van motto-preke had Ds. Du Toit 'n afkeer. Hij wou ook tref en trek, *maar alleen deur die skatte van die Skrif te open*. Dit is hom dan ook in biesondere mate geluk.

Verder kan ons in hierdie verband noem die vele Skrifstudies en Skrifverhandelinge, wat in die "Getuige" en "Stemmen des Tijds" verskijn het. Denk maar net aan die "Symboliese Getallen der Schrift", aan die "Man Gods uit Juda", aan die "Zaadkorrels uit het levend Woord" en, om nie meer te noem nie, aan die "Bijbel in het Dageliks Leven".

Bij die Skrifverklarings behoort ook "Nehemia". Die boekie gee 'n deurlopende praktiese kommentaar op die hele boek.

Verder besit ons van sijn hand 'n verklaring van Galaten, Jakobus, Jesaja en Jeremia.

Die verklaring van Galaten werd opgenome in die "Getuige" van 1898. Die ander het ook afsonderlik verskijn.

Die van Jakobus werd begonne in 1901. Hier bij werd veral Stier, Ds. Du Toit se model-verklaarder, gebruik. Die "Getuige" (XXIII bl. 261) sê: "Stier, de diepzinnigste van alle Schriftverklaarders, heeft vele wetenschappelijke kommentaren geschreven, maar ook enige praktische Schriftverklarungen, zoals over de brief van Judas (vroeger door ons behandeld), van Jakobus en aan de Hebreëen, en hoewel reeds een halve eeuw geleden geschreven, munten zijn Schriftbeschouwingen nog heden uit in grondigheid, gezonde leer en praktische ernst."

Die profeet Jesaja werd verklaar in die "Getuige" van 1899 en volgende jare. Die verklaring is verdienstelik om sijn noukeurige en duidelike vertaling, wat al 'n groot hulp is om hierdie Bijbelboek te verstaan. Die stukke is afgedruk in 'n aparte boek, groot 121 bls.

Meer prakties en grotendeels gelyktijdig met Jesaja werd bewerk die boek van Jeremia, onder die titel: "Gedachten des Vredes te midden van Oorlog." Die grote Boer-Britse oorlog het Ds. Du Toit genoodsaak sig groteliks in sijn studcerkamer terug te trek. Daar het hij sig dan onledig gehou ook met Skrifverklaring, waarop die gebeurtenisse van die dag sterk ingewerk het.

DAGBOEKE.

Op 'n komplette uitlegging van die Skrif het Ds.

Du Toit aangestuurd in die deur hom beraamde uitgawe van Bijbelse Dagboeke.

Reeds in 1880 is verskene die "Bijbels Dagboek (Nieuw Testament)", 'n boekdeel van 664 bls. Ds. Du Toit het saam met sijn ouere broer (Ds. C. W. du Toit) hierdie werk onderneem, en het ook die medewerking verkry van Di. A. Murray, W. P. de Villiers, C. Rabie, P. J. G. de Vos, P. D. Rossouw, prof. J. Murray en Ds. A. McGregor.

Die voorrede sê: "Het *doel* van dit werk zal zijn: naar de Schrift te leiden, de Schriften te openen, en met vrucht te doen lezen in het huisgezin... Het *plan* is de Bijbel *geregeld* te doen lezen."

In sijn "Inleiding tot het N. Testament" sê Ds. Du Toit o.a. :—

"Gode zij dank, de Huisbijbel is nog in ere in ons land. Doch er is gevaar, dat hij langzamerhand die ereplaats zal verliezen... namelijk dat de oude Huisbijbel zal verdrongen worden door andere "stichtelijke" boeken, gelijk men ze noemt, maar die toch niet "de redelijke onvervalste melk" bevatten. En vooral in Dagboeken, die de plaats van de Bijbel innemen in het huisgezin, zien wij dit dreigend gevaar. Waarin toch was de stille godsvrucht onzer vaders duidelijker zichtbaar, dan in hun eerbiedwaardige gewoonte om het huisgezin des morgens en des avonds te verzamelen rondom de Huisbijbel, waaruit gemeenschappelijk en beurtelings gelezen werd?... Werk dan allen samen om de Huisbijbel in ere te houden!"

In hierdie boek is van Ds. Du Toit afkomstig, benevens die Inleiding, enige stukkie oor en aantekeninge bij die 4 Evangelies, die verklaringe van die 2de Brief aan Korinthe, van die aan Kolosse en Filemon, en eendelik die verklaring van Judas en Openbaring.

Veel later eers sou Ds. Du Toit sijn plan aangaande die Oue Testament verwesenlik sien. In 1901 werd deur hom begonne sijn "Schriftverklaarder". Van die eerste Dagboek sê hij nou: "De uitkomst bewees dat wel de "verscheidenheid der gaven" ruimte kreeg, maar de "enigheid des Geestes" leed ongetwijfeld daarbij". Vandaar dat hij nou alléén aan die werk gegaan het.

Die grootste gedeelte van die Oue Testament het klaar gekom en werd in die "Getuige" en "Stemmen des Tijds" opgeneem. Naderhand is in 1907 die "Schriftverklaarder" verskene, 'n boekwerk van 343 bls., waarin die metode van morre- en aandstukkies gevolg werd.

Ds. Du Toit hét intussen aan die orige deel van die O. Testament voortgewerk en wat klaar is laat publi-

seer. Toen die arbeid nie al te vër van klaar was nie het die dood daaraan 'n end gemaak. Ds. Du Toit wou dat die skrywer hiervan sou voltooi wat nog ontbreek het, maar geringe belangstelling bij die Bijbellesende publiek het die prikkel om voort te gaan afgestomp.

Ons hoop dat gewaardeer sal word wat reeds verkrygbaar gestel is. Ds. Du Toit het die opening van die Skrifte als sijn voornaamste arbeid beskou. Die "Schriftverklaarder" begin dan ook met die versugting: "O Heere, laat de opening van uw Woord mij wijsheid leren! Open mijn ogen dat ik aanschouwe de wonderen uwer Wet!" En toen die eerste deel van hierdie boekwerk klaar was, het Ds. Du Toit aan die skrywer hiervan gevra om dit tog in die "Kerkblad" aan te kondig, daar hij (Ds. Du T.) dit beskou als die beste wat deur hom gelewer is.

Van belang is ook hierdie opmerking in die voorrede: "Men bedenke dat dit werk gedaan is in een druk en veelbewogen leven; sommige stukjes werden op reis, anderen te huis, anderen op kantoor geschreven, dikwels zonder hulp van de benodigde boeken."

PROFESIE-VERKLARING.

Ook in hierdie opsig kan ons Ds. Van der Lingen 'n geestelike vader van Ds. Du Toit noem. Mevr. De Villiers sê in haar lewensbeskrywing van Ds. Van der Lingen: "Zijn lievelingsvak: zo heten wij de uitlegging der profetiën, omdat dit werk van het begin af aan gelijk een zilveren draad door al zijn arbeid heen werd gevlochten. Het blijkt dat reeds toen hij als jongeling zich nog in Europa bevond, hem dit groots onderwerp heeft bekoord" (bl. 100.)

Verder beskryf sijn die profetiese karakter van Ds. Van der Lingen se prediking, 'n prediking wat deur Ds. Du Toit als gymnasiast aangehoor werd. Daardie profetiese trek kenmerk ook die "Tijdpreken" van Ds. Van der Lingen, 'n bundel predikasies deur Ds. Du Toit vir die pers gereed gemaak en uitgegewe.

Ds. Van der Lingen het egter ook geskryfte nagelaat, wat bepaaldelik op profesie-verklaring betrekking het. So is daar: "Welke tijd in de profetiese Geschiedenis der Wereld is 1848." Dis uit Duits vertaald en deur Ds. Van der Lingen van aantekeninge voorsien. Dan is daar die "Verhandeling over de Apocalypse en de daarin geopenbaarde Geschiedenis der Kerk van Christus, zoveel vervuld is." Dit is egter 'n fragment, wat op bl. 72 stomp afbreek. Mevr. De

Villiers sê, dat sij nie weet, waarom die veelbelowende werk gestaak is nie. Al wat sij weet is, dat daar "misnoegen was over het gemene papier tot het drukken gebruikt." Inderdaad moet die papier sleg gewees het, want die eksemplaar wat in ons besit is, sien daar miserabel uit. Die papier is heelmaal verskote.

Die belangrikste werk van Ds. Van der Lingen is sijn "Aanwijzingen betreffende de Afkomst en Bestemming van sommige Noordse Volken", 'n deurwrogte studiarbeid groot 246 bls., wat ons inderdaad noop om die hoed af te haal vir die geleerdheid en naspouringsgawe van die vermaarde Paarlse predikant.

In sijn profetiese verhandeling oor "De laatste grote Slag," sê Ds. Du Toit van genoemde studiewerk dit :—

"We durven gerust betuigen dat dusver geen afdoende verklaring der profetiën van die grote gebeurtenis in onderlinge samenhang gegeven is. Het beste dat alsnog op dit gebied is geleverd komt ons voor te zijn de Redevoering van wijlen Ds. Van der Lingen "Over Ezechiëls Profetie betreffende enige Volken in het Hoge Noorden" (Ez. 38 en 39). geleverd aan de Kaapstad in 1833 en uitgegeven met uitvoerige aantekeningen onder de titel: "Aanwijzingen betreffende de Afkomst en Bestemming van sommige Noordse Volken." Het was een reusachtige, waar profetiese onderneming, en deze Godsgetuige gaf dat werke in 't licht met het verklaard doel om te doen blijken dat men wel degelijk de nog onvervulde profetiën kan en moet verstaan. Doch hoe voortreffelijk ook in haar biezonder doel—om aan te tonen dat Rusland die grote macht is welke aan 't hoofd der verbonden legers enerzijds staat,—blijft zijn verklaring toch in gebreke een algemeen overzicht van de gehele zakentoestand in verband met die slag te geven, inzonderheid omdat het de hooggeachte schrijver niet duidelijk was dat Rusland met zijn verbonden mogenheden ten strijde trekken zal niet onder aanvoering van de Antichrist, maar juist tegen de Antichrist, die als valse Joodse Messias heerschappij voert te Jerusalem in verband met het herleefd Romeinse Rijk, als elfde hoorn op 't hoofd van het Beest; en daarom laat gemelde verklaring vele vragen onbeantwoord in verband met die grote slag, welke wij ons voorstellen in deze reeks van beschouwingen te beantwoorden. Zover de Redevoering ging, in haar toepassing op Rusland, is zij echter juist en wordt door de ontwikkeling van de wereldgeschiedenis in de laatste driekwart-eeuw bevestigd. Wij maken vrijelijk gebruik van de geleerde navorsingen daarin gegeven, vooral aangaande de afkomst der volkeren vermeld in Ez. 38 en 39" (*Stemmen*. 1906 I bl. 4).

Ons kan dus sê, dat Ds. Van der Lingen in die weg van Gods voorsienigheid die middel was om Ds. Du Toit se oë te open vir die belangrikheid van die profesie. Maar ons moet daarbij voeg, dat Ds. Du Toit verder sijn eie weg bewandel het.

Hij het sig veral laat lei deur Auberlen, die man wat, volgens Godet (sie Bijbelstudies N. T.), eerste die middelweg tussen die preteristiese en futuristiese skool van profesie-verklaring gewijs het. Wat Auberlen sporadies gelewer het ten opsigte van enige hoofstukke uit Daniël en Openbaring, het Ds. du Toit op die ganse profesie van toepassing gemaak. Daarom het sijn werk so grote en blijwende waarde. Verder het hij veel gebruik gemaak van die boeke van Brandt, Rinck, Seiss, Guinness e.a.

BEGIN VAN DIE ARBEID.

Die eerste profetiese geskrif, wat Ds. Du Toit uitgegee het, is die "Tekenen der Tijden en onze Roeping, uit het Hoogduits van de zendeling Lieb." Dit het verskijn in 1876 bij J. M. Belinfante. Kaapstad. Die uitgewer het sig bepaal tot enige uitlatinge en bijvoeginge. Dis 'n mooi boekie. Jammer egter dat Lieb 'n bietjie al te veel en al te gouw vergeestelik.

'n Tweede boek van dieselfde soort was Ds. Du Toit se "Sprekend Portret van de Laatste Dagen, in duidelike trekken getekend door de Apostel Paulus in 2 Tim. 3: 1—9". Dit was 'n oordruk uit die "Patriot" en die inhoud was mede oorsaak, dat die blad deur die Kaapse Synode so gedug onder hande geneem werd.

Nouvel, dit *is* 'n kwaai boek, maar baing interessant. Veel gebruik werd gemaak van Edward Irving se "Last Days", en ook Da Costa se "Bezwaren tegen de Geest der Eeuw" word aangéhaal. G'n wonder, want ook Ds. Du Toit se werk draag hier en daar 'n tamelik sterk reaksionêre karakter.

Onder die Bijbelboeke, wat Ds. Du Toit verklaar het, behoort ook die Brief van Judas. Ons vermeld dit hier omdat hij bepaaldelik die profetiese karakter van die Brief op die voorgrond stel.

Bij die bewerking het Ds. Du Toit gevolg die aantekeninge van Ds. Van der Lingen en die verklaring van Stier.

DIE "ONVERVULDE PROFETIEN".

Nou kom ons tot die belangrijke werk, deur Ds. Du Toit in 1878 in die lig gegee, n.l. die "Onvervulde Profetiën." Die aanleiding tot die uitgawe was 'n reeks van voorlesings, waarvan ons reeds melding gemaak het. Die doel werd aldus omskrew: "De beginner in dit vak zoekt tevergeefs naar een leidraad om hem door de vele verspreide profetiën der toekomst te geleiden, een handleiding die hem een stelselmatig overzicht geeft van hetgeen geschieden zal na

dezen... Zulk een werk hebben wij in onze jarenlange studie van de profetie niet gevonden; zulk een werk hebben wij gepoogd te leveren... Dit alles met het doel om een fundament te leggen voor eigen en anderer verder onverzoek."

Die boek bevat 16 hoofdstukke en gee ons 'n voorstelling van Ds. Du Toit se omvangryke Skrifkennis. Dit krioel van tekste en aanhalings. En tog werd die boek geskrywe te midde van drukke pastorale ambsbesigheid. In 'n brief aan mnr. C. P. Hoogenhout sê Ds. Du Toit: "Veel, veel werk; en om Stroombergen (die drukker-voorman) aan de gang te houden heb ik in druk een boek over de onvervulde profetiën. Daar voor moet ik ogenblikken afknippen, en somtijds gaat het manuskript van onder het kladpapier naar de pers. Te goed kan het dan stellig niet zijn. Welk een titel zal ik er aan geven?... Gij zijt zo vindingryk."

Die bogemelde boek werd uitverkog, in Holland herdruk en is jare lank al weer uit druk, maar 'n verkorte uitgaaf daarvan is nog te krij.

Dog Ds. Du Toit het dit nie bij die publikasie van die een werk gelaat nie. In die "Getuige" het hij 'n reeks artikels geskrywe oor die "Openbaring van Jezus Christus" wat later in 'n lijwige boekdeel van 315 blss. (dubbele kolom) afgedruk is. Inderdaad 'n werk waarmee 'n theoloog naam kan maak. Inderdaad 'n monument van 'n groot profesie-verklaarder!

Reeds het ons vermeld, dat Ds. Du Toit ook in die "Dagboek" die Openbaring verklaar het. Hier reeds lê hij die standpunt bloot, waar hij later nooit noemenswaard van afgewijk het nie.

STANDPUNT.

Volgens hom bevat die Openbaring nie 1) net 'n geskiedenis van die eerste Christ. Kerk; ook nie 2) net 'n beskrywing van wat heel aan die end van alle dinge sal gebeur (soos die Darbiste wil), ook nie 3) 'n deurlopende geskiedenis van die Kerk. Want dit sou a) in strijd wees met die aard van die profesie, wat nergens geskiedenis is nie; b) die duidelike inhoud van die boek weerspreek, want in hoofst. 6 is ons al genaderd tot die "grote dag des toorns"; c) in strijd wees met die verklaarde doel van die boek, n.l. om die gemeente als "noordstar" te dien.

"Er blijft dus (sê Ds. Du Toit) slechts over, in harmonie met de profetie van de gehele Schrift, dat elk gezicht loopt tot het einde. Telkens wordt dezelfde hoofdzaak, de komst van Christus, van een andere zijde

gezien. Daartoe de *zeventallen*, als getallen van opvolging. Twaalf is het getal van de verschillende toestanden van Gods volk in de *uitgebreidheid*, op dezelfde tijd bestaande, daartoe 3 met 4 vermenigvuldigd, in de breedte; so vindende wij de 12 stammen Israels, de twaalf apostelen des Lams, de twaalf poorten van het Nieuwe Jeruzalem. Zeven wederom is het getal van opvolging, 3 met 4 achter elkaar opgeteld. Elk zevental loopt dus tot het einde. Elk gezicht stelt dezelfde ontwikkeling en ontknoping voor, slechts van een andere zijde gezien, en ons telkens die toekomst als naderbij voerende."

Voor ons nou besluit met 'n oorsig van Ds. Du Toit se profesie-opvatting, moet nog vermeld worde, dat in die "Getuige" van 1896 deur hom begonne is 'n uitvoerige verklaring van Mat. 23—25 onder die titel: "De Profetie van de grote Profeet." Jammer dat dit ook nie apart verkrijgbaar gesteld was nie. Ons hoop die dag sal spoedig kom dat 'n herdruk daarvan sal gemaak word. Dis te jammer dat so'n kostelike uiteensetting in die haas onverkrijgbare "Getuiges" moet begrawe lê.

OORSIG.

Ten slotte dan nog die oorsig. Dis van die hand van Ds. C. W. M. du Toit, nou predikant in Aliwal Noord. Hij het veral gebruik gemaak van Ds. Du Toit se laaste profetiese werkie: "De Onvervulde Profetiën naar Tijdsorde gerangschikt en korteliks toegelicht"—'n boekie wat uitmunt deur beknoptheid en helderheid.

I. ALGEMENE VOORTEKENE VAN CHRISTUS TOEKOMS

Als eerste tekene vind ons op *geestelik* gebied allerlei dwalinge ingevoer onder die naam van Christus, op *staatkundig* en *maatskappelik* gebied oorloë en gerugte van oorloë, op *natuurlik* gebied hongersnood, pes en aardbewing "in verscheidene plaatsen" volgens Mat. 24:3—8, d.w.s. die reeds bekende verskijnse volg mekaar dan snel en bijna onafgebroke op.

Dan is daar die *nasionale herlewing* van die Joodse nasie, wat naar die beeld van die vijeboom in Mat. 24:32,33 geleidelik tot stand kom. Eén tak loop uit en bring blare voort, waaraan ons merk dat die somer nabij is. Eén tak alleen die "huis van Juda", herlewe, en die bring dan alleen blare voort in plaas van klein vijgies, soos die vijeboom in die natuur doen, d.w.s. daar kom wel 'n herlewing, maar dit geskied sonder geloof in Christus.

Maar soos-Paulus sê in Rom. 11:24-26, als die lewenssappe weer in die natuurlike lote gaan, verdor die ingeënte takke, en so is daar aan die einde van onse bedéling 'n grote afval in die Christelike Kerk (2 Thess. 2:1-3). Die Jode gaan nou nie weer hul land verower nie, maar koop dit terug (Jer. 32:42-44, en hul moet nog als in 'n smeltkroes gelouter word (Ezech. 22:19-22) en grote verdrukking ondergaan voor hul die Messias sal aanneem.

II. DIE DAE VAN DIE ANTI-CHRIS.

In die nasionale herlewing van die Jode is weer die optreding van die Anti-Chris die grote teken of keerpunt waarop moet gelet word. Hij kom in sij eie naam, het waarskijnlik geen deel aan die herstel self nie, maar tree skielik op soos Christus op volwasse leeftij, en het 'n heerskappij van één jaarweek of 7 jaar (Dan. 9:27). Als *staatkundige* hoof staan hij nie alleen oor die Joodse nasie nie, maar ook oor die herstelde Romeinse rijk. Maar veral als *geestelike* hoof sal hij die ganse wereld beroer, sal hij self in die tempel Gods sit en almal vervolg wat hom nie aanbid nie. Dit sal die grootste vervolging wees wat die wereld ooit geken het (Dan. 7:8, 20-25, Mat. 24:9-27). Die selfvergoding begin nadat hij 3½ jaar geregeer het.

Van die getrouwe oorblijfsel wat die Anti-Chris *nie* aanbid nie, sal 'n deel, wat wakende en biddende is, die vervolging ontgaan en deur die Heere self uitgelei word naar 'n nog onbekende plek (Openb. 12:14; 3:12; Mat. 24:15, 16). En terwyl die Anti-Chris skijnbaar triomfeer in sijn selfvergoding, tree daar 2 getuië op, wat hij laat dood maak, en wat na 3 daë weer opstaan (Openb. 11:3-12). Dit is waarskijnlik die 2 vroeëre getuië Henoeh en Elia, al twee mense wat nog nie die dood ingegaan het nie (Hebr. 9:27).

III. DIE TOEKOMS VAN CHRISTUS.

Uit die Noorde trek op teën die Anti-Chris en die verbonde mogendhede van die Romeinse rijk, Gog, die hoofvors van Meseg en Tubal, en sijn bondgenote; dit is waarskijnlik Rusland. Jerusalem word beleër, die helfte van die stad ingeneem, en als die nood op sijn hoogste is verskijn Christus om self sijn volk te verlos (Zach. 12:1-3, 14:1-3; Ezech. 38 en 39.)

Die Jode erken nou berouwwol hul Messias (Zach. 12:10; Openb. 1:7), terwyl oor die volkere 'n geweldige oordeel voltrokke word (Ezech. 39:6; Jer.

25:32, 33, Openb. 16:18—21). Ook die afvallige word geoordeel (Openb. 18:1—3, 21), terwyl die aan-neming tot kindere geskied van die regvêrdige of “die in Christus ontslapen zijn,” deur op te staan uit die dode. Dit is die eerste opstanding (1 Cor. 15:23, 24; Openb. 20:4—6). En dié gelowige van die N. T. met die gelowige in léwe oorgeblewe, vorm dan die Bruid van Christus, wat nou nadat die Anti-Christus met sijn volgelinge verdoen is, opgeneem word in heerlikheid (1 Thess. 4:15—17, 1 Cor. 15:50—53).

Die aarde word gedeeltelik vernuud (Jes. 43:19, 20; Mat. 24:29), en vir die Joodse volk volg daar 'n tijdvak van reiniging.

IV. DIE TIJDVAK VAN REINIGING.

Dit is waarskynlik die tijd van reiniging, die 30 en dan nog 45 daë (Dan. 12:10, 11 en 12) wat bij die bekende 1260 daë of $3\frac{1}{2}$ jaar van die Anti-Christus se selfvergoding in die tempel bijkom. Dit is die tijd van boete vir Juda (Zach. 12:10—14), en uitwendige reiniging van die land van al die oorlogsverwoestinge en herbouw van die gedeeltelik verwoeste stad (Ezech. 39:9, 12—16; Jer. 31:38—40). In die tijd gaan uit die laaste uitnodiging tot die “bruiloft des Lams.” Die bruid is reeds opgenome, en nou gaan die Jode wat oorgebly het uit met 'n dubbele sending, om n.l. die verslaë heidene, maar ook die oorgeblewene van Israë! te versamel tot die bruilof van die Lam (Jes. 66:19—21; Openb. 19:9.)

V. DIE DUISENDJARIGE RIJK (Openb. 20 .

Als die tijdvak van reiniging afgeloop is, kom Christus met die Bruid om op Sion (Jes. 25:6) die Bruilof des Lams te vier, waaraan ook deelneem die gelowige van die O. T. en die genodigde uit Israë! en die volke. Hiermee neem die 1000-jarige rijk 'n aanvang.

Gedurende die periode heers Christus self van uit die heerlikheid oor die aarde, met 'n onderkoning uit die huis van David onder hom (Zach. 14:5, 9; Ezech. 37:24, 25). Ook sijn heilige het deel aan die heerskappij (Openb. 20:4, 6). Die hele Israë!, ook die 10 stamme, keer terug en neem sijn plek in als eersgeborene onder die volkere (Jes. 11:12, 13; Jes. 60:8—14), wat dan met Israë! deel in die segeninge van die rijk (Rom. 11:12, 15). Die duiwel word vir die tijd gebind, sodat daar vrede heers op die aarde, en die mag van die kwaad beteuël word. Kunste en

wetenskappe bloei, die mense bereik weer 'n hoë ouderdom, en hoewel siekte en dood nog nie weggeneem is nie, want die mens lewe nog in die lichaam van vlees en sonde, is dood en siekte dan meer uitsondering dan reël. Die aarde word vervul met die kennis van God, en die mens herneem sijn heerskappij oor die laëre skepping, soos in die Paradijs. Vollens Ezech. 47 en 48 is Palestina dan die middelpunt van die wereldverkeer en Jerusalem 'n stad van ongeveer 13 mijl in omvang, waarheen ook die "heidense" volke optrek om aan die herstellende tempeldiens deel te neem (Zach. 14: 16—19, Jes. 66: 23).

Die hele Skrif is vol van 'n toekomstige vrede-rijk, maar al die vroeëre sieners, ook Christus in vernedering, sien alleen tot aan die rijk. Eers in die biesondere openbaring van Jesus Christus, na sijn hemelvaart, toon Hij aan die gemeente dat die rijk 1000 jaar sal duur en dat daarna weer 'n opstand en 'n laaste oordeel volg.

VI. DIE LAASTE OPSTAND.

Uit Openb. 20: 7—10 blyk dat Satan na die 1000 jare weer ontbind word uit die afgrond en, met helse planne toegerus, maak hij 'n laaste verwoede aanval om die volkere te verlei. Hij voer hul dan ook weer aan van die vier hoeke van die aarde om teën Jerusalem te veg. Tot aan die stad kom hul nie. God verslind hul met vuur van die hemel, en Satan wat reeds uit die hemel geval het bij Christus hemelvaart, en gedurende die 1000 jare onder die aarde in ketene was, word nou vir eeuwig geworpe in die poel van vuur.

VII. DIE LAASTE OORDEEL (Openb. 20: 11—15).

In enkele trekke word in Openb. 20: 11—15 die laaste oordeel beskryf.

Die regter is God die Vader self, wat oordeel in gemeenskap met en selfs deur die "Zoon", sittende op die grote witte troon—nie die "troon zijner heerlijkheid" (Mat. 25: 31, nie. Van die grote witte troon vlied die hemel en aarde, sodat daar geen plek vir hul meer is nie, d.w.s. hul vergaan en word *geheel* vernuud.

Almal wat nie *lewend* geoordeel is bij Christus' koms vóór die 1000 en gedurende die 1000 jare nie (Openb. 20: 4—6), almal wat nie deel gehad het aan die eerste opstanding nie, word nou geoordeel.

Die *gestorwene* van alle eeue staan op uit die dood en doderijk, en uit die see, om naar hul werke

geoordeel te word. Almal wat nie geskrewe is in die "boek des Levens" word uit die boeke geoordeel, waarin hul werke opgeskrewe is, en word in die poel van vuur geworpe.

Ook die dood en doderijk het nou uitgedien, en hul word ook geworpe in die poel van vuur, met Satan en die veroordeelde mense.

VIII. DIE LOUTERING VAN DIE AARDE DEUR VUUR (2 Petr. 3: 5-7, 10-13; Op. 20: 11).

Hier verstaan ons nie dat die aarde geheel *vernielig* word nie, maar wel dat hij geheel *vernuw* word. Want Petrus vergelyk die eindoordeel oor die aarde met die "vergaan" bij die sondvloed, en toen was daar geen vernietiging nie. Dieselfde gebeur bij die wedergeboorte (1 Kor. 5: 17), waar die oue mens sterf of "verbijgaan" en die nuwe opstaan. Dit blij dieselfde persoon wat totaal vernuw word. So word die aarde deur vuur opgelos en die elemente ontbind om in 'n nuwe verband, geheel gesuiwerd te voorskijn te kom.

Vollens Mat. 24: 29; Hebr. 12: 26, 27 e.a. pl. sal die loutering ook tot die hemele deurdring.

IX. DIE NUWE HEMEL EN DIE NUWE AARDE (Openb. 21: 1-5; Jes. 65: 17).

In die eerste 2 hoofstukke van die Bijbel sien ons dat die skepping bedoel was om te wees draër van die heerlijkheid van God en die mens sijn beelddraër. Die toestand word teruggevonde aan die einde, waar ons *niks nuws*, maar *alles vernuwd* vind.

Met die loutering word egter ook sekere dinge totaal weggeneem wat op die nuwe aarde nie meer bestaan nie, n.l. alle sonde en onreinheid, alle smart en dood, alle vervloeking, wat wel nog in sekere mate in die 1000 jarige rijk bestaan het. Verder is die Satan dan vir eeuwig verban in die poel van vuur. Maar ook enkele van Gods werke, wat hul tijd uitgedien het, bestaan dan op die nuwe aarde nie meer nie, b.v. die see, die nag en die tempel. Bij die loutering deur *vuur* het die see noodwendig opgehou te bestaan, en waar die heerlijkheid van God die nuwe aarde verlig, is daar geen sprake van nag, en "die Here, die almagtige God is die tempel, en die Lam."

Tussen dood en opstanding was die siel in Abraham's skoot, die "huis des Vaders" waar vele woninge is, nou word hemel en aarde weer versoen, wat eers deur die sonde geskeie was, en die mens woon soos in die

begin in volmaakte heerlijkheid op die vernuwde aarde, in volle gemeenskap met God en die hemel.

X. DIE NUWE JERUSALFM (Op. 21:2, 9—12, 14—19a, 21—27).

Die Paradijs was die woonplek van die mens op aarde, die plek van openbaring, van vereniging tussen hemel en aarde. Die mens word daar uitgejaag en die hof word deur cherubs bewaak. Die mens woon eers nog daar nabij (Gen. 4:16) en Seth se geslag aanbied daar nog.

Met die sondvloed sink die Paradijs in die doderijk, en word verblijfplek van die gelowige na die dood (Luk. 16:22 en 23:43) tot op Christus' nederdaling. Dan neem hij die Paradijs na die hemel (Ps. 68:19, 2 Cor. 12:4), waar dit intussen in die Nuwe Jerusalem verander word (Joh. 14:2, 3), om weer op die nuwe aarde neer te daal en te dien als punt van vereniging tussen hemel en aarde, soos voorheen.

Die stad is so lang als breed, vierkantig, en als die 12.000 stadië die lengte is meen dit 1384 mijl. Die hoogte is gelijk aan die lengte, dus is die stad in piramide-vorm, met die troon van God aan die boeinde, waar hemel en aarde makkaar ontmoet. Vandaar straal uit die goddelike lig en die lewensstroom, oor die ganse nuwe aarde.

XI. DIE LEWENSBOOM EN DIE LEWENSSTROOM (Op. 22:1, 2; Gen. 2:10).

Adam moes Eden bouw, bewater, en bewaar. Die hele aarde moes 'n paradijs word, daarom stroom die lewegewende water uit van daar naar buite. Die mens was ontrouw en moes self weer geheilig en gereinig en lewend gemaak word. Dit geskied in die werking van die H. G. wat van God uitgaan in Christus. Als in die 1000-jarige Rijk die verborgene kragte weer openbaar word, vloei die rivier van lewende water uit die tempel, maar op die nuwe aarde vloei die rivier weer uit Gods troon om die goddelike lewe oor die ganse aarde te versprei. Daar vloei nie meer dan nodig is om die lewe in al sijn vertakkinge te onderhou, vandaar dat die see nie meer nodig is nie.

Maar langs die lewensstroom, in die straat van die Nuwe Jerusalem, groei die lewensboom of geboomte. Maar nou nie meer één boom nie, maar 'n woud al langs die rivier aan albei kante. Die boom dra ook vrugte, wat dien tot spijse, want die goddelike lewe moet in die mens onderhou word. Alleen God "het

die onsterflikheid" in Hem, en dit kan van geen *skepsel* gesê word nie.

Die blare van die boom dien tot genesing van die heidene, d.w.s. van die volke, wat als *volke*, gedurende die 1000 jare bekeer is. Van hul word nie gesê, soos van die lewend oorgeblewene bij die koms van Christus dat die sterflike onsterflikheid aangedoën het nie, en daar ouderdom en swakheid nog in die 1000 jare bestaan het, word dit molik deur die blare weggeneem, wanneer hul deur 'n magdaad van God, soos b.v. Noach van die één wereld op die ander oorgebring word.
